Tegniese Tekene HG VR1 **November 2007**

Oor die algemeen was die vrae goed beantwoord.

VRAAG 1: **PUNTE EN LINE**
Vraag 1.1: Die vraag is goed beantwoord, maar in sommige gevalle het kandidate die vs en hs omgeruil.
Vraag 1.2:Die kandidate het somtyds ten op sigte van die vertikale vlak geteken en het ook nie die kortste afstand op die vooraansig en boaansig geteken nie.
Vraag 1.3: Sommige sentra het nie beide metodes gedoen nie, dit is waarom sommige kandidate die vraag verkeerd beantwoord het.

VRAAG 2: **DEURDRINGING VAN `n VLAKFIGUUR EN `n SKUINSVLAK**
Die vraag is swak beantwoord. Kandidate kon nie die skuinsvlak verander na die hellende vlak nie. Die rede hiervooor was dat die VSH `n stomphoek in plaas van `n skerphoek was.

VRAAG 3: **VASTE LIGGAAM OP SKUINSVLAK**
Die vraag is goed beantwoord. Somtyds is die hulpaansig verkeerd geteken wat beteken dat die vooraansig en boaansig
ook verkeerd was. In sommige gevalle is die basis van die vaste liggaam weggelaat.

VRAAG 4: **VASTE LIGGAAM EN ONTWIKKELING**
Sommige kandidate het die reghoekige gate parallel met die horisontale vlak geteken en ook die gat geïnterpreteer as `n soliede prisma. Die vraag is goed beantwoord. In sommige gevalle is die verborge detail en ontwikkeling weggelaat.

VRAAG 5: **LOKUS**
Sommige sentrums het die vraag goed beantwoord en ook in `n klokgewyse rigting. In die paar gevalle waar die antwoord antikloksgewys geteken is, is daar punte bygevoeg.
VRAAG 6: **NOKPROFIEL**
Die vraag is goed beantwoord, maar daar was heelwat variëteite as gevolg van verkeerde skaal. Die roller is nie deur sommige kandidate geteken nie.